

HOOFSTUK 5

LEWENSKRISISSE IN DIE GESIN WAT VERBAND HOU MET EGSKEIDING

5.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is daar aandag gegee aan die kriteria vir die keuse van relevante leesstof vir die biblioterapeutiese proses. Daar is kriteria gestel vir die leser, die leesstof en die keurder.

In hierdie hoofstuk sal egskeiding as 'n lewenskrisis behandel word. Daar sal aandag geskenk word aan kinders se reaksie op egskeiding, want ten spyte daarvan dat die gesinslewe vir almal van belang is, is die beeld van die moderne gesin nie meer stabiel nie. Die aantal kinders wat met die egskeiding van hulle ouers gekonfronteer word, neem steeds toe. Egskeiding hoef kinders nie noodwendig op die langtermyn emosionele skade te berokken nie. Die hulp wat aan kinders gebied word, is hier van kritieke belang. Die wyse waarop daar hulp verleen sal word aan kinders wie se ouers skei, sal aangedui word met spesiale verwysing na die rol wat biblioterapie kan speel om kinders te help om hul ouers se egskeiding te verwerk. Spesifieke riglyne vir die keuring van boeke vir die biblioterapeutiese proses in die geval van 'n egskeiding sal onderskei word. Hierna sal vier boeke geëvalueer word aan die hand van kriteria vir die keuring van leesstof soos aangedui in afdeling 4.3.

5.2 EGSKEIDING AS LEWENSKRISIS

Skeiding kom oor almal se lewenspad. Die meeste mense kom slegs met skeiding, as lewenskrisis, in aanraking in sy permanente vorm – wanneer daar lewensverlies plaasvind. Daar is ook diegene wat in aanraking kom met skeiding, as lewenskrisis, in 'n tydelike vorm – soos in die geval van egskeiding.

Die moderne gesinslewe verskil van die tradisionele gesinslewe. Die tradisionele gesinslewe (pa, ma en kinders) word vervang deur enkelouergesinne, toenemende egskeidings, tweede huwelike en saamgestelde gesinne (Cuddigan & Hanson 1988:53). Hierdie onkonvensionele of moderne gesinslewe geniet toenemend al hoe meer sosiale aanvaarbaarheid.

Ten spyte van die geweldige veranderings waaraan die gesinslewe onderworpe word, bly die idee en die rol van gesinslewe universeel en vir almal van belang. Die gesin is immers die veilige raamwerk waarbinne die ontwikkeling van kinders plaasvind. Vanuit hierdie veilige raamwerk kan kinders ontdek en waag. Die gesin voorsien in kinders se ontwikkelingsbehoefte aan stabiliteit en harmonie. Die verhouding met beide ouers, binne gesinsverband, speel ook 'n belangrike rol in die ontwikkeling van kinders (Cuddigan & Hanson 1988:53; Whitehead 1993:63).

Stygende egskeidingsyfers toon dat egskeidings 'n prominente deel van ons samelewing geword het. Egskeiding is 'n proses waar daar skeiding plaasvind tussen ouers. Dit bring ook mee dat die kinders in die gesin ook geskei word van een van die ouers. Anders as met dood het die kinders normaalweg steeds kontak met die ouer wat die huis verlaat. Die verhouding is dus nie verby nie, maar is onderworpe aan baie veranderings.

Net soos in die geval van dood is egskeidings 'n geweldige verlies vir kinders, maar anders as met die dood van 'n geliefde bied die samelewing nie rituele vir die kinders om te kan treur nie (Bernstein & Rudman 1989:285). Boonop reageer maats dikwels op egskeiding asof dit 'n aansteeklike siekte is (Iskemus n.d.:17).

Kennis oor die invloed van egskeiding en die reaksie daarop is dus essensieel. Kinders moet hulp kry met hul verlies sodat hulle dit kan verwerk en blywende skade voorkom kan word.

5.3 REAKSIE OP EGSKEIDING

Reaksie op egskeiding is moeilik voorspelbaar. Daar kan 'n hele reeks reaksies wees. Almal beleef egter nie alle reaksies of die reaksies in dieselfde volgorde nie (Bernstein & Rudman 1989:7). Pardeck en Pardeck (1984b:35) wys byvoorbeeld daarop dat die ouderdom en stadium van ontwikkeling van kinders 'n belangrike invloed het op die vermoë van die kind om die egskeiding te verstaan en te verwerk.

Daar kan ook nie 'n bepaalde tydsduur aan die reaksies gekoppel word nie. Kinders kan teenstrydige emosies ervaar en die tydsduur sal dus verskil van kind tot kind. Dit is belangrik dat almal tyd gegun moet word om die emosies te verwerk. Daar moet in gedagte gehou word dat skeiding nie 'n enkele gebeurtenis is wat afgehandel kan word nie, maar dat dit 'n voortdurende uitwerking het (Bernstein & Rudman 1989:7; Pardeck & Pardeck 1984b:35).

Alhoewel kinders verskillend reageer op die aankondiging van egskeiding word skok, ontkenning, woede en vyandigheid, verleentheid en hartseer gewoonlik ervaar.

5.3.1 Skok

Kinders is dikwels vanweë argumente of spanning tussen ouers voor die aankondiging van egskeiding reeds bewus daarvan dat alles nie pluis is nie. Ten spyte hiervan is die eerste reaksie gewoonlik skok en verwarring (Bernstein & Rudman 1989:7; Pardeck & Pardeck 1984b:33-34).

Kinders wat in so 'n toestand van skok verkeer kan voortgaan om die roetine van hul daaglikse lewe outomaties uit te voer. Hierdie tydperk, waarin dit voorkom asof hul geen gevoel ervaar nie, kan vir 'n paar uur, 'n dag of selfs weke aanhou. Dit kan afgewissel word met uitbarstings of huilbuie (Iskemus n.d.:4).

5.3.2 Ontkenning

Kinders weier dikwels om verlies te erken of hulle glo dat dit net tydelik is. Pardeck (1984b:34) wys byvoorbeeld daarop dat kinders kan voorgee dat die ouer net op 'n sakereis is. Hulle doen dit om hulself te beskerm teen onaanvaarbare omstandighede. Dit kan vir die ouers lyk asof die kinders onaangeraak is deur die egskeiding terwyl die kinders eintlik net probeer om hulself te beskerm deur te maak asof niks gebeur het nie (Bottoman 1988:16; Iskemus n.d.:4).

5.3.3 Woede en vyandigheid

Kinders kan tydens 'n egskeiding voel asof hulle verlaat en verraai word deur diegene wat hulle die nodigste en liefste het (Bottoman 1988:16).

Hulle kan hul woede hieroor rig op beide ouers of slegs op een. Hulle is veral woedend omdat die ouers nie die gesin as 'n eenheid behou het nie. Hul kan egter ook hul woede op hulself rig omdat hulle nie daarin kan slaag om deur puik gedrag hul gesin as 'n eenheid te behou nie (Iskemus n.d.:8). Fisher (1988:340) wys daarop dat veral kinders van twee en 'n half tot ses jaar wat nog baie egosentries reageer, hulself dikwels vir die egskeiding blameer. Sewe tot negejarige is daarenteen meer geneig om hul woede te hanteer deur die skuld voor die ouers se deur te lê.

Alhoewel kinders van nege tot twaalf jaar 'n meer realistiese houding teenoor egskeiding het en in staat is om hul woede oor ouers se gedrag uit te druk, vind hulle dit dikwels moeilik omdat hulle bang is dat die ouers wat toesig oor hulle het, hul ook sal verwerp. Hierdie kinders is dikwels ook bang dat die toegangsregte van die ander ouer verminder sal word (Fisher 1988:340; Iskemus n.d.:9).

Pardeck en Pardeck (1984b:34-35) wys ook daarop dat woede en vyandigheid veroorsaak kan word omdat daar nou van kinders verwag word om meer take in die huis te verrig.

Hierdie woede en vyandigheid van die kinders kan oorgaan in depressie wanneer kinders gekonfronteer word met die finaliteit van die egskeiding. Sommige kinders voel hulpeloos – sonder hoop of emosie. Dit is veral in sulke omstandighede vir hul moeilik om te besef dat hul nie alleen is nie of dat daar ander is wat hulself in dieselfde omstandighede bevind (Bernstein & Rudman 1989:9).

5.3.4 Verleentheid

Vir baie kinders is skeiding, veral egskeiding, 'n verleentheid. Dit is boonop vir hulle 'n verleentheid wat hul moeilik vind om te hanteer en oor te praat (Bernstein & Rudman 1989:9). Dit is veral nege- tot twaalfjarige wat gevoelens van verleentheid ervaar oor hul ouers se gedrag (Fisher 1988:340).

5.3.5 Vrees

Die veranderende gesinstruktuur bring 'n verlies aan sekuriteit mee wat kan lei tot ware en denkbeeldige vrese (Pardeck & Pardeck 1987:110).

Kinders is na 'n egskeiding veral angstig en onseker oor wie vir hul gaan sorg en waar hulle gaan bly (Bottoman 1988:16).

'n Algemene reaksie is ook die vrees dat die oorblywende ouer hul sal verlaat of dat hul ouers sal ophou om hul lief te hê. Die vrees is opvallender by jonger kinders (Pardeck & Pardeck 1984b:34).

Na die egskeiding word die kinders as te ware blootgestel aan twee verskillende wêrelde – elk met hul eie stel waardes. Elk van die wêrelde behoort aan 'n ouer wat die kinders lief het, maar wat hulle seergemaak het. Hierdie teenstrydigheid veroorsaak gevoelens van vrees by kinders. Sodanige gevoelens word verder versterk omdat die kinders nie weet by wie hulle hul moet skaar nie. Hulle voel asof hulle in verskillende rigtings gedwing word

vanweë hul ouers se probleme (Pardeck & Pardeck 1987:110). Hierdie gevoelens kan oorgaan in vyandigheid en woede (Iskemus n.d.:9).

5.3.6 Hartseer

Dit is net natuurlik vir kinders om hartseer te wees oor egskeiding. Hartseer kan die vorm aanneem van onttrekking of koersagtige aktiwiteite. Kinders gaan dikwels ook gewoon aan met normale aktiwiteite – soms na 'n tyd van intense hartseer. Hulle doen dit om hulself te beskerm omdat die hartseer te groot en oorweldigend is (Bernstein & Rudman 1988:10–12; Iskemus n.d.:8-9).

Kinders moet toegelaat word om die hartseer te ervaar, want dit is deel van die rouproses en van die heling. Indien kinders nie rou oor dit wat gebeur het nie, kan hul verlies 'n sweer word wat hul normale ontwikkeling strem. Dit is dus baie belangrik dat hul die verlies moet ervaar en verwerk. Sodoende sal hulle beseft dat 'n mens verlies kan oorleef en voortgaan met die lewe.

5.4 HULP AAN KINDERS TYDENS EGSKEIDING

Die effek van 'n egskeiding is diepgaande, daarom is hulp aan kinders met die verwerking van hul verlies baie belangrik. Daar moet daarteen gewaak word dat die normale ontwikkeling van kinders skade berokken word. Hulp aan kinders moet dus met groot omsigtigheid gepaard gaan.

5.4.1 Persoon wat kinders moet inlig

Dit is baie belangrik dat kinders ingelig moet word deur beide ouers. Sodoende word kinders verseker dat hul ouers se liefde vir hulle nie verander het nie en altyd daar sal wees (Iskemus n.d.:2).

5.4.2 Wanneer kinders ingelig moet word

Ouers moet doodseker maak dat die egskeiding onafwendbaar is voordat hulle die kinders vertel. Sodra hulle egter doodseker is, moet hulle die kinders dadelik vertel, want dit is vernederend vir hulle om dit van 'n buitestaander te hoor (Bottoman 1988:16; Marta n.d.:87).

5.4.3 Hantering van situasie deur ouers

Kinders het 'n bron van sterkte en veiligheid nodig vanwaar hulle met hul selfontdekking kan voortgaan. Daarom is dit belangrik dat ouers die situasie met liefde en begrip vir die kinders moet hanteer sodat die kinders se ontwikkeling so normaal as moontlik kan voortgaan (Cuddigan & Hanson 1988:54).

Die ouers moet ook eerlik wees wanneer hulle die situasie hanteer. Hulle moet aan die kinders die geleentheid gee om vrae te vra en hul gevoelens te deel. Volwassenes maak dikwels die fout om dinge so normaal as moontlik te hou en sodoende kry die kinders nie die geleentheid om hul gevoelens te erken en te verwerk nie. Indien dit gebeur kan dit lei tot identiteits- en aanpassingsprobleme (Cuddigan & Hanson 1988:54; Iskemus n.d.:2).

5.4.4 Inligting aan kinders

Dit is baie belangrik dat die inligting wat aan kinders gegee word eerlik en akkuraat moet wees (Iskemus n.d.:2).

Dit is baie belangrik dat daar in woorde wat die kinders sal verstaan aan hulle verduidelik word wat hul verlies is en hoe hul lewens sal verander. Sodoende sal die kinders tot 'n mate voorbereid wees op dit wat gebeur. Die onbekende is immers dikwels erger as die werklikheid. Indien dit nie gedoen word nie, is die kinders dikwels oorgelaat aan hul verbeelding wat veel erger as die waarheid kan wees (Bernstein & Rudman 1989:13-14; Marta n.d.:87).

Bernstein en Rudman (1989:7) wys ook daarop dat intense hartseer dikwels gepaard gaan met liggaamlike simptome: kortasem, slaaploosheid en verlies aan eetlus. Hierdie ervarings moet aan kinders verduidelik word sodat kinders kan beseef dat hul reaksies normaal is.

So 'n inligtingsessie skep ook aan die ouers die geleentheid om die kinders te verseker van hul voortdurende liefde.

5.4.5 Rol van vertroueling

Dit is belangrik dat kinders nie alleen moet wees tydens die verwerking van die verlies wat 'n egskeiding meebring nie. Hulle moet toegang hê tot 'n persoon wat hul vertrou en op wie hulle kan staatmaak. Dit is baie belangrik dat die volwassene hulle so eerlik as moontlik moet behandel en hulle moet toelaat om te treur (Iskemus n.d.:2).

5.4.6 Waarskuwingstekens by kinders na 'n egskeiding

Alhoewel kinders se optredes tydens en na die egskeiding dikwels afwyk van die normale is daar sekere optredes wat beskou moet word as waarskuwingstekens en in sommige gevalle selfs as gevaartekens, naamlik (Bottoman 1986:16):

- 'n voortdurende stilte
- aanhoudende paniek
- onophoudelike vyandigheid
- leerprobleme
- onttrekking
- geen vriende
- seksuele perversiteit.

5.4.7 Rol van biblioterapie

Boeke kan 'n belangrike rol speel om kinders te help om die trauma van 'n egskeiding te verwerk.

Volwassenes wat die kinders bystaan kan van boeke gebruik maak om aan die kinders te wys dat hulle begrip het vir die trauma waardeur die kinders gaan. Boeke kan gebruik word om die kinders te help om gevoelens wat nie maklik is om te verwoord nie, te bespreek (Cuddigan & Hanson 1988:54-55).

Boeke kan daartoe bydra dat kinders beseft dat hulle nie alleen is nie en dat daar ander is in soortgelyke situasies. Dit is veral ook belangrik dat hul boeke sal lees oor kinders wat alreeds deur die egskeiding is en nou moet leef midde-in die groot verandering wat 'n egskeiding veroorsaak (Ginns-Gruenberg & Zacks 1999:460).

Boeke kan dit vir kinders in 'n egskeidingsituasie moontlik maak om die volgende te begryp (Ginns-Gruenberg & Zacks 1999:460):

- die lewe is dikwels onregverdig
- 'n mens kan nie altyd in beheer wees nie
- 'n mens kan dikwels nie verander hoe ander dink,voel of hulle gedra nie.

5.5 KEURING VAN BOEKE VIR BIBLIOTERAPIE IN GEVAL VAN 'N EGSKEIDING

Boeke kan 'n belangrike rol speel om kinders te help om die trauma van 'n egskeiding te verwerk. Dit is dus baie belangrik dat boeke met groot sorg gekeur moet word. Die volgende riglyne kan in gedagte gehou word by die keuring van die boeke:

- (a) Kies boeke wat oor egskeiding handel, maar steeds hoop aan kinders bied. Die hoop wat aan die kinders gebied word, moet egter steeds realisties wees (Pardeck & Pardeck 1985:315).

- (b) Vermoedlik verhale of stories waar die ouers weer bymekaar uitkom. Baie kinders glo dat dit binne hul vermoë is om te sorg dat hul ouers weer bymekaar uitkom. Dit is 'n onrealistiese verwagting en moet vermy word (Iskemus n.d.:9; Pardeck & Pardeck 1985:315).
- (c) Dit is belangrik dat verhale nie 'n spesifieke persoon moet blameer of aanwys as die skuldige party nie. Sodanige blaam dien geen doel in so 'n ingewikkelde situasie soos 'n egskeiding nie. Die verhaal moet liefsoos aangebied word dat die leser besef dat blaam 'n nuttelose aktiwiteit is (Iskemus n.d.:7; Pardeck & Pardeck 1985:315).
- (d) Die nuttigste boeke is dié wat handel oor die negatiewe en positiewe gevoelens wat kinders ervaar wanneer hul ouers skei; soos verwardheid, ongelukkigheid en gevoel van verligting dat gespanne toestand in huis iets van die verlede is. Kinders vind dit gewoonlik moeilik om hierdie gevoelens te verwoord en boeke kan 'n belangrike rol daarin speel. Boeke oor kinders se emosies speel ook 'n belangrike rol omdat dit hul gevoelens erken en steun daaraan bied (Cuddigan & Hanson 1988:55; Pardeck & Pardeck 1985:315). Norma Klein (1987:161) wys op die waarde hiervan as sy noem dat sy reeds as tiener ontdek het dat dit aanvaarbaar is om te skryf oor gevoelens, emosies en traumatiese gebeure sonder om dit in die mooiste voue te lê. Sy is van mening dat skrywers sodoende aan kinders moed gee om aan te gaan met hul lewens.
- (e) Verhale behoort te handel oor die veranderings wat 'n egskeiding in 'n gesin veroorsaak, soos verhuising, minder geld, groter verantwoordelikheid vir kinders. Die verhale moet nie alleen die gesinsverandering aantoon nie, maar moet ook wys hoe die karakters dit hanteer (Pardeck & Pardeck 1984b:35).
- (f) Dit is belangrik om verhale te kies met karakters waarmee die leser kan identifiseer. Indien karakters toon hoe probleme hanteer word of oplossings daarvoor verkry word, sal die lesers besef dat hul situasies nie

hopeloos is nie en sal hul moed kry om voort te gaan om hulle eie probleme te bowe te kom (Ginns-Gruenberg & Zacks 1999:457).

- (g) Inligting wat verstrekkend word, moet korrek wees. Indien die wet byvoorbeeld verander het, moet die biblioterapeut die lesers daarop wys.
- (h) Dit is ook belangrik om kulturele verskille in gedagte te hou by die selektering van boeke (Cuddigan & Hanson 1988:55).
- (i) Boeke moet gekies word wat kinders daarvan bewus maak dat hul ouers ook ernstige trauma ervaar of dat volwassenes hul kinders se gevoelens wel verstaan (Pardeck & Pardeck 1984b:35).

5.6 EVALUERING VAN BOEKE VOLGENS KEURINGSKRITERIA

Die volgende vier boeke gaan nou bespreek word volgens algemene en literêre keuringskriteria soos in afdeling 4.3 bespreek:

- *I, Amber Brown* (Danziger 2000)
- *The suitcase kid* (Wilson 1992)
- *The Pistachio prescription* (Danziger 1978)
- *Eenkantkind* (Van der Vyver 1991).

5.6.1 *I, Amber Brown*

Die boek *Amber Brown* gaan nou ontleed word aan die hand van algemene keuringskriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 5.1 Algemene keuringskriteria vir leesstof

Outeur	Danziger, Paula
Titel	<i>I, Amber Brown</i>
Uitgewer	Mammoth
Datum van uitgawe	2000
ISBN-nommer	0-7497-3752-2
Aantal bladsye	132
Reeks	Geen
Formaat	Sagteband
Ouderdom - leser	± agt tot tien jaar
Geslag	Vroulik
Leesvlak	Graad drie en vier
Tema	Egskeiding
Opsomming	Nege-jarige Amber Brown se ouers is geskei. Net na die egskeiding is haar pa Parys toe. Nou is hy egter terug en het hy gesamentlike toesig oor haar. Sy moet dus nou leer om by twee huisgesinne aan te pas. Boonop gaan haar ma binnekort met Max trou vir wie sy baie lief is.
Beperkings	
Uitstaande kenmerke	Lê nie die blaam voor een van die ouerpare se deur nie. Geniet beide huishoudings.
Probleme waarvoor geskik	Egskeiding Stiefpa Joodse gebruike Seksisme

Die boek *I, Amber Brown* gaan nou ontleed word aan die hand van litêre keuringskriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 5.2 *Litêrere keuringskriteria vir leesstof*

TEMA	
Geskiktheid van tema	Veral geskik vir diegene wat om die beurt by pa en ma moet bly na 'n egskeiding. Kan ook gebruik word vir diegene wie se ouers weer gaan trou.
Rol van tema	Lê veral klem op probleme van kinders wat in twee verskillende huishoudings moet aanpas.
Eksplisiet	Tema is redelik eksplisiet
Didakties	Skrywer probeer nie om leser 'n les te leer nie.
Oorheersend	Verhaal is 'n greep uit Amber se lewe – word nie oorheers deur egskeiding nie.
Meer as een tema	Dit het ook ander interessante raakpunte, byvoorbeeld Joodse gebruike, seksisme – wat die leser self kan ontdek.
Universeel	Verhaal spreek tot alle lesers veral omdat 'n interessante eerstepersoonverteller gebruik word.
Positief	Baie positief. In Amber se eie woorde: “This is my life and I’ve got to try to make it work out”.
Realisme	Baie realities, want die verhaal bied die lewe aan soos dit werklik is. Amber se uitkyk vanweë haar positiewe ingesteldheid is verfrissend.
KARAKTERS	
Ouderdom	Amber is 'n 9-jarige dogter.
Geloofwaardigheid	Amber is 'n lewensgetroue karakter. Sy tree op teen haar ouers se wense ter wille van gaatjies in haar ore, maar ly onder die gevolge. Gebruik gaping om ouers onsuksesvol teen mekaar af te speel. Baie geesdriftig.
Hantering van probleem	Lê baie klem op die probleme van twee huishoudings, maar beklemtoon ook lekker en voordele daarvan.
INTRIGE	Vernaamste verandering in Amber se lewe is dat haar pa nou naby bly en gedeelde toesig oor haar het.
MILIEU	Eietydse verhaal wat in die twee huishoudings afspeel. Die gebeure vind om die beurt plaas in Amber se ma se huis en haar pa se huis.
VERTELLER	Eerstepersoonverteller
PERSPEKTIEF	Die verhaal word vertel vanuit Amber se perspektief. Sy gee egter haar ouers en stiefma se gevoelens baie goed weer.
STYL	Toeganklik, want die skryfster se woordeskat kan maklik deur die lesers verstaan word. Kinders gee ook te kenne dat hulle hou van die manier waarop sy die verhaal vertel.
TOON	Humoristies. Skryfster verstaan belangstelling van kinders, byvoorbeeld hulle wil soos maats wees op die ouderdom.
HUMOR	Baie humoristies. Maak baie gebruik van woordspeling wat op die lesers se vlak is. Ma en dogter sit byvoorbeeld per ongeluk met gom aan mekaar vas. Amber som dit onmiddellik op met “This is a very sticky situation.”
EINDE	Baie hoopvol. Besef dat dit baie harde werk sal kos om beide huishoudings te laat slaag, maar toon 'n baie positiewe gesindheid daarvoor. Erken ook dat lewe in sekere opsigte beter is na egskeiding.

5.6.2 *The suitcase kid*

Die boek *The suitcase kid* gaan nou ontleed word aan die hand van algemene keuringskriteria vir leesstof soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 5.3 Algemene keuringskriteria vir leesstof

Outeur	Wilson, Jacqueline
Titel	<i>The suitcase kid</i>
Uitgewer	Corgi Yearling Books
Datum van uitgawe	1992
ISBN-nommer	0-440-86311-2
Aantal bladsye	155
Reeks	Geen
Formaat	Sagteband. Druk is groot – lees maklik.
Ouderdom van leser	± agt tot tien jaar
Geslag	Vroulik
Leesvlak	Graad vier en vyf
Tema	Egskeiding
Opsomming	Verhaal van 10-jarige Andy wat na haar ouers se egskeiding weekliks om die beurt by haar ma en pa moet bly. Beide ouers trou weer en Andy, 'n enigste kind, moet aanpas by twee wêrelde met uiteenlopende waardes en twee gesinne met kinders. Haar pa trou met hippie-agtige Carrie wat 'n tweeling het, en haar ma trou met buffelagtige Bill met 'n seun en twee dogters.
Beperkings	Die verhaal het geen ooglopende beperkings nie.
Uitstaande kenmerke	Hoopvolle einde, maar nie soetsappig of onrealisties nie. Puik humor.
Probleme waarvoor dit geskik is	Ekskeiding Saamgestelde gesinne Dood Stiefbroers en stiefsusters.

Die boek *The suitcase kid* gaan nou ontleed word aan die hand van litêre keuringskriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 5.4 *Literêre keuringskriteria vir leesstof*

TEMA	
Geskiktheid van tema	Die tema is geskik vir dogters wie se ouers besig is om te skei of waarvan die ouers reeds geskei is. Dit is veral gemik op diegene wat moet aanpas by stiefgesinne. Die skryfster verstrekk rede waarom hul skei: hulle baklei geweldig baie.
Rol van tema	Lê veral klem op die fisiese probleme wat Andy ondervind terwyl sy sukkel om by die twee gesinne aan te pas.
Eksplisiet	Alhoewel die tema eksplisiet is, is die leser vanweë die eerstepersoonverteller onmiddellik betrokke.
Didakties	Daar is geen sprake van prekerigheid nie.
Oorheersend	Die temavan die verhaal is oorheersend. Alhoewel die verhaal rondom die tema draai, word die leser nie afgeskrik daardeur nie.
Meer as een tema	Die verhaal kan ook gebruik word om wanpersepsies oor die dood reg te stel. Die stiefsussie, Kate, is byvoorbeeld bang om te gaan slaap omdat daar aan haar gesê is dat haar oorlede ma slaap.
Universeel	Dit is baie maklik om met die ervarings en emosies van Andy te identifiseer.
Positief	Alhoewel die einde nie soetsappig is nie, bied dit hoop omdat Andy in beide gesinne haar eie plek kry.
Realisme	Baie realities, want die verhaal versag nie die werklikheid nie, maar bied dit aan soos dit werklik is. Glad nie veroordelend nie.
KARAKTERS	
Ouderdom	Die hoofkarakter, Andy, is tien jaar oud.
Geloofwaardigheid	Andy is 'n lewensgetroue karakter. Lê veral klem op die probleme wat sy ondervind: sukkel om te lees terwyl sy 'n boekwurm was, kan nie in klas konsentreer nie en draai uiteindelik stokkies. Sy doen dit nie doelbewus nie, maar beland in situasies wat kinders kan laat besef dat dinge vanweë hul gedrag buite beheer kan raak.
Hantering van probleem	Lê baie klem daarop dat Andy hoop dat dinge weer sal wees soos dit was, maar geleidelik besef sy dat die lewe dikwels onregverdig is en dat sommige dinge onherroeplik verby is. Haar troospeelgoedhasie, Radish, help haar om nie alles alleen te ervaar nie en baie van Andy se gevoelens word sodoende aan die leser oorgedra.
INTRIGE	Beeld veranderings in Andy goed uit, veral geleidelike aanvaarding van die situasie waarin sy haar bevind.
MILIEU	Eietydse verhaal wat afspeel in twee wêrelde (huisgesinne) waarin Andy haar bevind. Baie uiteenlopend. Pa en Carrie bly in woonstel met tweeling terwyl die ma by Bill met 14-jarige Paula, 12-jarige Graham en 10-jarige Katie bly.
VERTELLER	Eerstepersoonverteller. Jong leser behoort maklik met Andy te identifiseer.
PERSPEKTIEF	Vertel vanuit Andy se perspektief. Sy maak dit baie duidelik waarom sy by beide bly en nie wil kies tussen haar ouers nie.
STYL	Toeganklik. Gepaste woordeskat vir agt- tot tienjariges.
TOON	Humoristies. Karakters word uitgebeeld met hul goeie en slegte punte.
HUMOR	Baie snaaks
EINDE	Einde is nie soos Andy dit wou gehad het nie, maar sy kry wel aanvaarding in beide gesinne. By haar ma se huis, het sy 'n vriend gemaak, Graham, en by haar pa se huis maak die nuwe baba haar deel van hul gesin.

5.6.3 *The Pistachio prescription*

Die boek *The Pistachio prescription* gaan nou ontleed word aan die hand van algemene keuringskriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 5.5 Algemene keuringskriteria vir leesstof

Outeur	Danziger, Paula
Titel	<i>The Pistachio prescription</i>
Uitgewer	Heinemann
Datum van uitgawe	1978
ISBN-nommer	0-434-96576-6
Aantal bladsye	141
Reeks	Die verhaal is nie deel van 'n reeks nie.
Formaat	Hardeband Druk is groot
Ouderdom van leser	± 10 tot 12 jaar
Geslag	Vroulik
Leesvlak	Graad vyf tot sewe
Tema	Egskeiding
Opsomming	Verhaal van 13-jarige Cassandra wat haarself beskou as die lelike eendjie in 'n gesin vol mooi mense. Ouers baklei soos kat en hond. Dit lei uiteindelik tot 'n egskeiding. Kinders sukkel om dit te aanvaar. Vind egter 'n werkbare oplossing vir alleentyd met pa.
Beperkings	Ma word uitgebeeld as 'n gefrustreerde huisvrou wat dit geniet om pa se erfgeld te spandeer. Uitgebeeld as 'n onvolwasse vrou.
Uitstaande kenmerke	Baie maklik om met hoofkarakter en boetie te identifiseer. Maak stellings wat met groot vrug gebruik kan word, op bladsy 131 noem Stephie die gevoelens wat hul ervaar.
Probleme waarvoor dit geskik is	Egskeiding Wedywering tussen susters

Die boek *The Pistachio prescription* gaan nou ontleed word aan die hand van literêre keuringskriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 5.6 *Literêre keuringskriteria vir leesstof*

TEMA	
Geskiktheid van tema	Dit is veral geskik vir kinders wie se ouers besig is om te skei asook diegene wat sukkel om hul ouers se egskeiding te aanvaar. Aangesien daar drie kinders betrokke is, is tyd saam met die pa 'n probleem. Kry 'n goeie werkbare oplossing.
Rol van tema	Lê veral klem op die gevoelens van kinders. Kinders maak opmerkings wat met vrug gebruik kan word. Cassandra sê dat hul een-een aangename mense is, maar as 'n gesin verander hulle.
Eksplisiet	Alhoewel die tema eksplisiet is, word meer as net egskeiding bespreek.
Didakties	Waardevolle insigte in gedrag en optrede van kinders, maar glad nie prekerig nie.
Oorheersend	Tema oorheers nie die verhaal nie.
Meer as een tema	Verhaal kan ook gebruik word vir bespreking van wedywering tussen susters asook verkeerde negatiewe persepsies van kinders oor hulself.
Universeel	Identifiseer maklik met lewensgetroue karakters.
Positief	Alhoewel die ouers wel op die einde skei, is die einde positief. Veral gesien in die lig van Cassandra se eie woorde: "That we'll survive".
Realisme	Baie realisties. Dit bied nie vals hoop aan lesers dat ouers hulle probleme sal uitstryk nie.
KARAKTERS	
Ouderdom	Cassandra (13 jaar); Andrew (sewe jaar)
Geloofwaardigheid	Cassandra openbaar die vrese waarmee kinders worstel: baie besorg oor haar voorkoms en wil graag op 'n gebied presteer. Daar vind ontwikkeling plaas – leer om haar eie angs te hanteer en toon empatie vir die van haar boetie.
Hantering van probleem	Veral die tydperk na die egskeiding word baie goed deur die skryfster hanteer. Kinders vind 'n baie goeie oplossing vir hul alleentyd met pa. Reaksie van ma op egskeiding word baie goed uitgebeeld – hul moet leer om saam te leef met 'n ma wat afsprake het. Die manier waarop die ouers die kinders inlig dat hul gaan skei, is uiters pynlik. Magil dit vanweë haar frustrasies uit terwyl hul op pad is om Cassandra se verkiesing as graadverteenskiediger te gaan vier.
INTRIGE	Cassandra is 'n muisvaal, baie lank middelste kind in 'n gesin met aantrekklike blonde- en rooikoppe. Sy ly boonop aan asma en haar ouers veg in haar eie woorde die Derde Wêreldoorlog. Aanvanklik vlug sy, kry asma-aanvalle en droom van 'n gelukkige einde, maar geleidelik vind sy haar eie unieke plek (veral in die skoolsituasie) en aanvaar sy haar huislike omstandighede. Haar empatie met haar broer toon veral die ontwikkeling wat verwag word by 'n hoofkarakter.
MILIEU	Dit is 'n eietydse verhaal waarvan 'n groot deel binne die skool afspeel.
VERTELLER	Eerstepersoonverteller
PERSPEKTIEF	Vertel vanuit die perspektief van die 13-jarige Cassandra, maar deur gesprekke en konflik met suster en broer kom hul menings, probleme en karakters ook duidelik na vore.
STYL	Uiters toeganklik. Die verhaal is geskryf soos wat kinders dink en praat.
TOON	Toon baie begrip vir die probleme wat kinders ervaar. Stel ook ouers se kant van die saak.
HUMOR	Baie snaaks
EINDE	Die einde vloei natuurlik voort uit die gebeure. Cassandra aanvaar ouers se egskeiding.

5.6.4 Eenkantkind

Die boek *Eenkantkind* gaan nou ontleed word aan die hand van algemene keuringskriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 5.7 Algemene keuringskriteria vir leesstof

Outeur	Van der Vyver, M.
Titel	<i>Eenkantkind</i>
Uitgewer	Tafelberg
Datum	1991
ISBN-nommer	0-624-03009-1
Aantal bladsye	101
Reeks	
Ouderdom – leser	± 11 tot 13 jaar
Geslag	Manlik en vroulik
Leesvlak	Graad ses tot nege
Tema	Egskeiding Aanranding
Opsomming	Verhaal van twee kinders – die seun se ouers is geskei terwyl die dogter se ma na die pa se dood met ‘n vroueslaner, Bruce, getrou het. Elk van die kinders worstel met ‘n krisis waarvoor daar nie kitsoplossings is nie, maar wat geleidelik in hoop verander.
Beperkings	Die verhaal is geskik vir sensitiewe kinders wat graag lees. Trae lesers kan dit vervelig vind.
Uitstaande kenmerke	Bied insig in gevoelens van kinders sowel as volwassenes.
Probleme waarvoor geskik	Egskeiding Dood Aanranding Mishandeling

Die boek *Eenkantkind* gaan nou ontleed word aan die hand van literêre keuringskriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 5.8 Literêre keuringskriteria vir leesstof

TEMA	
Gesiktheid van tema	Gesik vir kinders wie se ouers geskei is, maar sukkel om die skeiding te aanvaar. Jac worstel met wat hy ervaar as sy ma se verwerping van hom – sy pa het toesig oor hom. Veral gesik vir dogters wat vasgevang is in ‘n huishouding waar aanranding plaasvind.
Rol van tema	Lê baie klem op gevoelens wat kinders ervaar. Woede by Jac omdat sy ma saam met ‘n ander man weg gegaan het en hom gelos het; skaamte by Jana oor die vroueslanery van haar stiefpa.
Eksplisiete	Tema is eksplisiet, maar boodskap steeds effektief.
Didakties	Glad nie prekerig nie.
Oorheersend	Ten spyte van die eksplisiete temas is dit steeds ‘n storie wat vlot lees.
Meer as een tema	Verhaal kan lei tot besprekings oor dood, egskeiding en mishandeling.
Universeel	Die gevoelens wat die kinders ervaar is opreg en maak dit maklik om met hulle te identifiseer.
Positief	Die oplossings wat die twee vind is nie soetsappig of onrealisties nie, maar baie positief en hoopvol. Klem word daarop gelê dat dinge nie oornag en sonder wilsbesluite verander nie, maar dat dit wel kan verander. Jac se pa se tweede huwelik is ‘n bewys dat ‘n huwelik wel gelukkig kan wees en dat dinge wel kan uitwerk.
Realisme	Die verhaal is baie realisties, want dit bied die werklikheid in al sy wreedheid aan. Kinders se onsensitiewe en selfs wrede opmerkings word nie versag nie, maar geskryf presies soos wat kinders dit wel sal doen.
KARAKTERS	
Ouderdom	Jana (13jaar); Jac (15 jaar); Ouma Ella
Geloofwaardigheid	Lewensgetroue karakters. Jana is aanvanklik baie skaam en lelik, maar geleidelik leer sy om uit te reik na ander en met ouma Ella se hulp haar voorkoms te verbeter.
Hantering van probleem	Jac leer dat ‘n saak twee kante het en dat mense optree volgens dit wat hulle glo. Jana dra die boodskap oor dat ‘n mens hulp wil hê voordat iemand jou kan help.
INTRIGE	Realisties. Beide karakters worstel met ‘n probleem wat aanvanklik onoorkombaar lyk.
MILIEU	Eietydse verhaal wat in Kaapstad afspeel.
VERTELLER	Eerstepersoonverteller. Jac en Jana vertel die verhaal om die beurt.
PERSPEKTIEF	Verhaal word vertel vanuit Jac en Jana se perspektief.
STYL	Baie toeganklik. Taal van kinders baie gepas.
TOON	Eerlik, opreg en glad nie neerbuigend nie.
HUMOR	Veral ouma Ella en haar eksentrieke optredes laat die leser lag.
EINDE	Jac en sy ma is baie nader aan mekaar en Jac het nou groter insig en begrip vir sy ma se optrede. Jana se ma ontsnap vanweë ouma Ella se hulp uit haar situasie. Jana is aan die einde van die verhaal baie hoopvol, maar besef dat daar nog ‘n lang en moeilike pad voor hul lê. Einde is nie onrealisties of soetsappig nie.

5.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar aangedui dat vanweë die verskille tussen 'n tradisionele en moderne gesinslewe, word baie meer kinders as in die verlede blootgestel aan egskeiding as 'n lewenskrisis.

Kinders se reaksie op 'n egskeiding is moeilik voorspelbaar. Ten spyte hiervan is daar sekere reaksies wat onderskei kan word. Dit is egter nie moontlik om die tydsduur of volgorde daarvan presies te bepaal nie.

Hulp aan kinders tydens 'n egskeiding is essensieel, want indien die trauma nie verwerk word nie, kan dit 'n langdurige negatiewe effek hê op die ontwikkeling van kinders.

Boeke kan beslis 'n belangrike rol speel in die verwerking van 'n egskeiding en daarom moet die selektering daarvan met die grootste omsigtigheid hanteer word.

Die evaluering van die boek *The suitcase kid* deur Jacqueline Wilson (1992) toon duidelik dat boeke baie waardevol kan wees. Die boek kan veral lesers van ongeveer 8 tot 10 jaar help om te beseft dat hulle nie die enigstes is om hul in hierdie tipe situasie te bevind nie, dat dit baie moeilik is om aan te pas by 'n saamgestelde gesin en om 'n egskeiding te aanvaar. Die feit dat die hoofkarakter, Andy, wel aanpas en haar eie plek in die gesinne kry, behoort hoop aan lesers te bied. Versekering lê ook daarin dat 'n geliefde troospeelding nie afgekraak word nie. Dit is veral belangrik omdat die lesers hul in 'n ouderdomsgroep bevind waar die mening van hul portuurgroep baie belangrik is, hulle baie graag aanvaar wil word en nie wil uitstaan vanweë buitengewone gedrag nie.

Die evaluering van die boek *I, Amber Brown* deur Paula Danziger (2000), is veral waardevol omdat die skrywer daarop wys dat kinders vir 'n stiefpa en hul eie pa kan lief wees en dat dit wel moontlik is om gelukkig te wees in twee wêreldes.

Die evaluering van die boek *The pistachio prescription* deur Paula Danziger (1978), wys daarop dat boeke kan help om kinders te laat beseef dat hul persepsie van hulself nie noodwendig die regte een is nie. Dit help ook omdat dit aan kinders toon dat hul ouers ook foute het en dat die mislukking van die huwelik nie net voor een ouer se deur gelê kan word nie. Cassandra se gedagtes help ook om by lesers tuis te bring dat al het hul ouers se huwelik misluk, hulle nie noodwendig mislukkings is nie en dat gesinslede mekaar kan help.

Die evaluering van die boek *Eenkantkind* deur Marita van der Vyver (1991), maak dit duidelik aan die leser dat daar nie noodwendig maklike oplossings is nie, maar dat daar wel oplossings is vir diegene wat bereid is om hulself te help. Dit laat die boodskap baie sterk deurkom dat 'n mens self vir jou eie lewe verantwoordelikheid moet neem. Hulp van ander word egter steeds sterk beklemtoon.

Die volgende hoofstuk handel oor dood as lewenskrisis asook kinders se reaksie op die dood. Die verskillende stadia van die rouproses asook die wyses waarop hulp aan kinders verleen kan word, sal bespreek word. Spesifieke riglyne vir die keuring van boeke in geval van dood sal onderskei word. Vier boeke wat oor die dood handel sal geëvalueer word aan die hand van kriteria vir die keuring van leesstof soos omskryf in afdeling 4.3.